

Die Koning kom

Jesus verwys in 'n gelykenis na Moses en die Profete (Luk 16:29-31). Vers 31: "As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan."

Nou wat verkondig die profete? Hulle verkondig Jesus Christus, die Verlosser.

Sagaria tree as profeet op ongeveer 500 jaar voor die geboorte van Jesus. Hy is een van daardie profete waarna Jesus verwys, en luister nou hoe begin Sagaria sy verkondiging van die Messiaanse vredesryk: "Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en oorwinnaar is Hy, nederig, en Hy ry op 'n esel, die vul van 'n eselin."

Die uitdrukking "dogter van Sion", en "dogter van Jerusalem" verwys na die ware volk van God, die bruid van Jesus Christus, die kerk van die Here.

Waarom moet daar gejuig en gejubel word? Omdat die Koning gekom het. Wanneer Jesus op pad is na Jerusalem, dan stuur Hy twee van sy dissipels en sê: "Gaan na daardie dorp reg voor julle en dadelik sal julle 'n eselin vind wat vasgemaak is, en 'n vul by haar. Maak haar los en bring hulle vir My. En as iemand vir julle iets sê, moet julle antwoord: Die Here het hulle nodig; en dadelik sal hy hulle stuur. En dit het alles gebeur sodat vervul sou word die woord wat deur die profeet gespreek is: Sê vir die dogter van Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe, sagmoedig, en Hy sit op 'n esel, ja 'n jong esel, die vul van 'n pakkier." Hier het ons baie duidelik die vervulling van die profesie van Sagaria 9:9.

Volgens sekere geleerdes is Sagaria 9:9, 10 nie 'n profesie op Jesus Christus nie, maar sien dit op 'n gewone, menslike koning. Nou wie sou hierdie gewone koning dan wees? Wie het op 'n donkievul Jerusalem as Koning binnegegaan? Daar was net een! Jesus van Nasaret, die Oorwinnaar oor Satan; Hy wat aan die kruis vrede vir alle nasies (gelowiges) bewerk het.

Sagaria het tog nie hierdie profesie uit homself voortgebring nie, dit is mos God die Heilige Gees wat Sagaria geïnspireer het om van die komende Christus te getuig!

Só het die profesieë waarheid geword. Jy kan die hele Bybel as betroubaar aanvaar. Jy glo nie aan fabels soos wat die vyande van Jesus Christus beweër nie. God se woord is die waarheid. Glo, en jy sal lewe!

Sing: Psalm 118:13 (Totius)

Ds PA Smit (Emeritus)